**Saterdag 1 Februarie**
**Skrifgedeelte: Lukas 1:39-56**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:46-47**
**Die Here is ons rede tot lofsang**

Uit totale toewyding sing Maria ’n lofsang aan God vanuit die diepte van haar hart. Maria se drang om God te loof is gebore uit die feit dat God haar Saligmaker en Verlosser is. Die woord wat in hierdie gedeelte met “Saligmaker” vertaal word, dra die betekenis dat God die Outeur van ewige verlossing is. Totdat ons God as ons Verlosser erken, is ons verstand nie vry om ware en volle vreugde te geniet nie, maar sal ons in twyfel en angs bly. Dit is alleen God se Vaderlike goedheid en die verlossing wat daaruit vloei wat die siel met vreugde vul. Ons kan God dus eers waarlik dank as ons weet dat ons ons verlossing alleen in Hom het.

In haar eenvoud het Maria besef dat die Verlosser, uit haar gebore, ewige verlossing bewerk het en daarom her sy God dan ook geloof en geprys. Alhoewel Maria die moeder van ons Here Jesus Christus is, is die genade wat aan haar bewys is, niks anders as die genade wat elke dag aan ons bewys word nie. Die Verlosser wat uit Maria gebore is, is immers ook elkeen van ons se Verlosser.

Daarom kan ons ook steeds dieselfde danklied sing. Ons kan ons steeds in God verheug, want Hy het sy Seun, Jesus Christus, gestuur sodat ons verlos kan word. Hy het ons vanuit ons sondige bestaan verlos, en daarom kan ons aan Hom die lof bring wat Hom toekom. Mag hierdie danklied ook deur ons, ons kinders en kindskinders gesing word, en mag ons deur ons dankbaarheid hulle leer waarom God die rede vir ons lofsange is. Mag ons ook deur die Heilige Gees die krag kry om God altyd te verheerlik vir die groot genade wat Hy elke dag aan ons bewys.

*Sing: Psalm 103-1:1*

*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*